HIER OP DIE KRUISING VAN DIE WEË
IS HOOG ONS SKOOLGEBOU GELEË
WAAR ONS DIE TOEKOMS BOU EN STERK
VIR ENKELING EN NASIE WERK

WAAR PAAIE KRUIS DAAR
MOET MENS KIES
DIE PAD VAN WINS OF VAN VERLIES,
VAN BOU OF BREEK,
VAN DOEN OF LAAT,
VAN GLO OF VREES,
VAN GOED OF KWAAD.

VAS LÊ DIE FONDAMENT EN TROU,
VAN DIE KARAKTER WAT ONS BOU,
DIE KENNISMURE OPGERIG,
DIE VRIENDELIKE VENSTERLIG,
DIE DAK VAN DIENSBAARHEID EN PLIG,
GEHEEL VAN HAND EN HART EN HOOF
ONS BOU IN GELOOF

# HOËRSKOOL WATERKLOOF
# 2025

# KLOFIEKLETS

3 van 2025

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR




Mnr. C.H. Denysschen
hoof@klofies.co.za
012 347 0277


'n Hartlike goeiedag uit die hartskamer van Klofieland!

Ons dink so maklik dat om geseënd te wees beteken 'n nuwe voertuig, óf 'n verhoging, óf om weg te wees met vakansie. Maak *Google* oop, kliek op prentjies en soek *#blessed*. Die meerderheid is van "besittings." God se seën sluit dit soms in, maar die ware seën van God is meer as materiële welvaart of "besittings". Dis dieper as dit, hou langer as dit, voeg meer waarde tot ons lewe as dit en dis alles behalwe tydelik en verganklik. So, kyk om jou en in jou, sien God se soort seën en besef jy is waarlik 'n geseënde van God.

Baie dankie en baie geluk aan al die aktiwiteite wat gedurende die afgelope week plaasgevind het. Die Kloof-naam is weer hooggehou en oral het die blou, wit en geel uitgestaan. (Volledige uitslae en verslae kan verderaan in die Klets gelees word.)

Vrydag, 31 Januarie, het die Kloof-atlete aan Affies se Wildeklawer Uitnodingsbyeenkoms deelgeneem. Die Kloof-atlete het puik presteer en pragatletiek opgelewer. Baie geluk aan elke atleet!

Baie dankie vir die Akademiese Ouerinligtingsaande, onder leiding van mnr. Juan Nagel, en Sport Ouerinligtingsaande, onder leiding van mnr. Cobus van Dyk, wat die afgelope weke plaasgevind het. Dankie vir die onderskeie organiseerders, sowel as elke ouer wat die geleenthede bygewoon het.

En my God sal in elke behoefte van julle
ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike
rykdom in Christus Jesus.

Fillipense 4:19

'n Geseënde week word u almal toegewens.



# AKADEMIE

## AKADEMIESE NUUS

Die jaar het met die fokus op die skool se goeie akademiese prestasies afgeskop. Die departementshoofde asook die personeel kan baie trots op hulle harde werk wees en pluk nou die vrugte daarvan. Hierdie is goeie motivering vir die komende jaar waar ons selfs hoër hoogtes wil bereik.

Graag wil ons ouers bewus maak van uitdagings wat ons al vroeg in die jaar onder u aandag wil bring:

1. Hou van vroeg af u vinger op die huiswerkpols.
2. Die graad 10-akademiese jaar is 'n groot aanpassing. Maak asseblief seker dat die leerders byhou met die volume werk.
3. Die toetsrooster moet asseblief eerbiedig word. Die enigste uitsluitsel op die reël word bevestig op bladsy 10 in die leerderdagboek.
4. Leerders wat nie hulle kant by die huis bring nie, bereik nie hulle volle potensiaal nie. Ons vra elke Kloof-ouer om ons hande in dié verband sterk te maak.

Ons sien in 2025 uit na harde werk op akademiese gebied. Ons het ook die dienste van Wolkskool by die skool aangeskaf wat vir leerders 'n platform skep waar hulle ekstra vraestelle en videogrepe kan bestudeer ter aanvulling by die werk wat op *MS TEAMS* geplaas word. Elke graad en vakgebied sal 'n vraestelbank op beide platforms beskikbaar hê.

Indien u enige navrae het, kan u mnr. Nagel by juan.nagel@klofies.co.za kontak.

Galasiërs 6
Wat jy saai, sal jy maai.

## SKOOLREËLINGS EN -TYE 2025

### Neem asseblief kennis van die skooltye vir 2025

**Graad 8- en 9-leerders, sowel as Koshuisleerders,** verdaag **Maandag tot Donderdag** om **13:50** en **graad 10- tot 12-leerders** verdaag om **14:00**.

Op **Vrydae** sal die **graad 10- tot 12-leerders** om **13:50** verdaag en die **graad 8- en 9-leerders** om **14:00**.



# SAMO WISKUNDE OLIMPIADE 2025





# KULTUUR

## KULTUURPERSONEEL 2025

| | |
|---|---|
| **Adjunkhoof:** | Me. Carina Taute (carina.taute@klofies.co.za) |
| **Kultuurdirekteur:** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Kultuursekretaresse:** | Me. Liesl Linde (liesl.linde@klofies.co.za) |
| | |
| **ORGANISEERDERS 2025:** | |
| **A Capella** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Boere-orkes en Rock-orkes** | Dr. Ronelle Bosman (ronelle.bosman@klofies.co.za) |
| **Dans** | Me. Michelle Naudé (michelle.naude@klofies.co.za) |
| **Debat** | Me. Marié Olivier (marie.olivier@klofies.co.za) |
| **Film en Toneel** | Me. Carla van Staden (carla.vanstaden@klofies.co.za) |
| **Fotografieklub** | Me. Marlette Krüger (marlette.kruger@klofies.co.za) |
| **Jazz Ensemble** | Mnr. Xander Koekemoer (xander.koekemoer@klofies.co.za) |
| **Klofiekan** | Me. Maryke Fourie (maryke.fourie@klofies.co.za) |
| **Koor** | Me. Carina Taute (carina.taute@klofies.co.za) |
| **Kunsklub** | Me. Suretha Coetzer (suretha.coetzer@klofies.co.za) |
| **Mnr en Mej Waterkloof** | Me. Jean-Mari Redelinghuys (jean-mari.redelinghuys@klofies.co.za) |
| **Musieksentrum** | Me. Zita Clayton (zita.clayton@klofies.co.za) |
| **Orkes** | Me. Jo Ferreira (jo.ferreira@klofies.co.za) |
| **Redenaars** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Skryfklub** | Me. Tanri de Witt (tanri.dewitt@klofies.co.za) |

# KULTUURDATUMS 2025

| | |
|---|---|
| **14 Februarie** | Liefdeskonsert |
| **28 Februarie** | Mnr en Mej Waterkloof |
| **6 Mei** | Opedag |
| **10 Mei** | Opening van Ouditorium |
| **16 tot 18 Mei** | Dansproduksie |
| **24 Julie** | Tres Scholarum |
| **1 Augustus** | Affies-Interkultuuraand (by Afrikaanse Hoër Seunskool) |
| **16 Augustus** | KloofKunstefees Gala-aand/Promenadekonsert |
| **22 Augustus** | Kloofkoorfees |
| **27 September** | Kloof in Afrikaans Gala-aand |
| **23 Oktober** | Orkes Gala-aand |

KLOOFKULTUUR

# SIMFONIA JUVENTI

Ons is baie trots op die volgende leerders wat hulle oudisies vir *Simfonia Juventi* geslaag het!

Daar was oor die honderd oudisies en die kompetisie was vanjaar besonder straf:

| | |
|---|---|
| Wilando Ferreira | (eerste tromboon, graad 12) |
| Jayden Sauer | (klarinet, graad 12) |
| Tiaan Barnard | (trompet, graad 12) |
| Stephan Kruger | (perkussie graad 12) |
| Arashel Stevens | (viool 2, graad 12) |
| Inebelle Swart | (tjello, graad 10) |

*Simfonia Juventi* word demokraties uit skoolgaande leerders van regoor die land saamgestel. Kriteria vir toelating tot die orkes berus op musikale vermoë asook die vlak van vaardigheid met die spesifieke instrument.



Voor v.l.n.r.: Arashel Stevens en Inebelle Swart
Agter v.l.n.r.: Stephan Kruger, Jayden Sauer, Wilando Ferreira en Tiaan Barnard

# REDENAARS

## Redenaars & Orators 2025

KLOOFKULTUUR

### AFRIKAANSREDENAARS / ENGLISH ORATORS


Ons is baie opgewonde om ons nuwe Kloof-sprekers te ontvang en sien daarna uit om julle in aksie te sien!

Ons skop reeds in Februarie 2025 met die interne Afrikaans-redenaarsaand en die English orators' evening af.

Indien jy vir die Afrikaans-redenaars inskryf, wees gereed om ook onvoorbereid te praat.

Hoërskool Waterkloof neem onder andere aan die volgende kompetisies deel (individueel en/of spanne):

- ATKV
- Oppie-Tong-Af/On the tip of your Tongue
- Interskole redenaars
- Van Huyssteens-oratorsfees
- Pierneef Kunstefees
- Afrikaanse Kunsvereniging
- Centurion Kunstefees



## *Hoe werk die uitdunne?*

**AFRIKAANS:**

- Die redenaarsuitdunne vind gedurende die Afrikaansweek in Februarie 2025 plaas. Die eerste uitdunne vind die Maandagmiddag plaas en die topsprekers sal die Donderdagaand aan die finaal deelneem. Die top-6-sprekers per graad word vir die ATKV-redenaars ingeskryf.
- Enige leerder wat aan die uitdunne deelneem, kwalifiseer om aan ander redenaarskompetisies deel te neem. Voorkeur sal egter aan die sterkste sprekers gegee word in kompetisies waar die inskrywingsgetalle beperk word.

**ONDERWERPE Graad 8 EN Graad 9: Klatergoud | Vergelyk | Mengelmoes**

**ONDERWERPE Graad 10 tot 12: Debakel | Agenda | Wentelbaan**

**ENGLISH:**

- For the internal evening, we will have trials in the week of the Orators' evening in February 2025. These trials are only for prepared speeches.
- For the Van Huysteens festival, hosted at our school, we will have trials the first week of February 2025. These trials are for unprepared speaking.

**TOPICS GR.8 AND GR.9: Greed | Bliss | Choices**

**TOPICS GR. 10 – 12: Taboo | Empower | Trust**

*Belangrike datums op die volgende bladsy*

# Belangrike datums vir 2025



| | |
|---|---|
| **10 Februarie** | Interne Afrikaans-redenaars: Uitdunne |
| **12 Februarie** | Interne Afrikaans-redenaars: Redenaarsaand |
| **17 Februarie** | Internal English Orators: Trials |
| **20 Februarie** | Internal English Orators: Orators' evening |
| **18 Maart** | Van Huyssteens-oratorsfees: Engels (span en individueel) |
| **19 Maart** | Van Huyssteens-oratorsfees: Afrikaans (span en individueel) |
| **20 Maart** | Van Huyssteens-oratorsfees: Tweetalig (span en individueel) |
| **24 Maart** | Van Huyssteens-oratorsfees: gala-aand (span en individueel) |

*Ons sien uit daarna om jou deel van Kloof se redenaarspan te maak.*

KLOOFKULTUUR

# DEBAT

## Kloof-Debat 2025

KLOOFKULTUUR

## DEBAT-UITDUNNE EN INTERNE DEBATKOMPETISIE



Debat is 'n skoolaktiwiteit met baie geleenthede vir ontwikkeling en groei, dus plaas die skool 'n hoë premie daarop. Kloof-kultuur wil graag met soveel as moontlik deelnemers in hierdie besondere aktiwiteit spog. Ons nooi julle graag na die uitdunne uit, wat op 27 Januarie om 14h00 in die vorm van 'n interne debatkompetisie sal plaasvind.

Die skool mag agt junior- en seniorspanne, van drie lede elk, vir die ATKV-kompetisie in 2025 inskryf, om die skool te verteenwoordig. Ons neem ook later in die jaar aan die onvoorbereide debatkompetise, Dink-of-sink en die meer informele Conspirito-debatkompetisie deel.

Sterkte met julle deelname aan hierdie prettige en unieke skoolaktiwiteit. Debat is by uitstek 'n ontwikkelingsgeleentheid wat waarde tot jou lewe toevoeg. Dit leer jou om krities na argumente te luister en om jou eie argumente met oortuiging te lewer!

## Hoe werk die uitdunne?

- Jy sal in 'n span van drie ingedeel word.
- Die loting van waaroor julle gaan debatteer, sal ongeveer 15 minute voor die debat gedoen word, waarna jou span 15 minute kry, om 'n plan en toesprake uit te werk.
- Jou standpunt (dit wil sê inleidend (ook genoem "voorstanders") of opponerend ("teenstanders") sal so gou as moontlik met jou gekommunikeer word, asook jou plek in die span (dit wil sê eerste, tweede of derde spreker).
- Dit is nie nodig om vooraf 'n toespraak uit te werk nie. Dink net solank watter argumente jy kan gebruik en watter argumente jy verwag die ander span gaan gebruik.
- Jy en jou spanmaats moet elkeen ongeveer een minuut oor die onderwerp praat. 'n Spreker sal na 'n minuut en 15 sekondes gestop word. 'n Groen vlaggie sal op 45 sekondes gewys word, 'n geel vlaggie op 1 minuut en 'n rooi vlaggie op 1:15. Wanneer jy die rooi vlaggie sien, moet jy ophou praat.
- Vir elke span sal daar 'n ervare debatteerder wees, wat hulp tydens die finale 15 minute van die voorbereidingstyd sal verleen.
- Dit is belangrik dat jy minstens drie sake in jou toespraak hanteer.
- Jy moet reageer op wat die vorige spreker(s) gesê het.
- Jy moet 'n aanduiding gee of julle oor die begripsontleding (met ander woorde hoe julle die woorde in die onderwerp verstaan) saamstem, of waar, of hoekom julle verskil.
- Jy moet jou eie hoofargument stel.
- Elke spreker hanteer een hoofargument – dus, drie per span.

- Volgorde van die sprekers:
  - Voorstander 1 – Teenstander 1
  - Voorstander 2 – Teenstander 2
  - Voorstander 3 – Teenstander 3
- Na die toesprake sal daar 'n geleentheid vir vrae wees; dit word 'n debatsgesprek genoem.
- Enige spreker van die opponerende span, kan die eerste vraag aan die inleidende span (of aan 'n spesifieke lid van die inleidende span) vra. Daarna verloop die debatsgesprek natuurlik deur vrae wat heen en weer gevra en beantwoord word.
- Maak asseblief seker dat jy aan die debatsgesprek deelneem, want anders kan die beoordelaars nie hoor hoe jy jou standpunt verdedig nie.
- Die debatsgesprek sal 6 minute duur.
- Die kompetisie vind op 27 Januarie, om 14h00 in die Raadsaal (oorkant die personeelkamer), plaas.
- 'n Tydgleuf sal aan jou toegeken word en jy moet 30 minute voor jou tydgleuf buite die aangewese lokaal beskikbaar wees, om jou onderwerp te trek. Jy sal 15 minute gegee word om voor te berei.
- Doen julle voorbereiding naby aan die lokaal, sodat daar, indien nodig, met julle gekommunikeer kan word.
- Die name van die leerders wat die spanne haal, sal so spoedig moontlik gekommunikeer word.
- Moontlike onderwerpe sal per WhatsApp aan julle gekommunikeer word.

## Belangrike debatdatums

| | |
|---|---|
| **21 – 22 Maart** | ATKV-debat: Eerste rondte |
| **14 April** | Conspirito-debat: Inskrywings sluit |
| **14 en 15 April** | Dink-of-Sink-debat: Gauteng-streek |
| **31 Mei** | ATKV-debat: Semifinaal |
| **8 – 9 Augustus** | Conspirito-debat |
| **12 - 13 September** | Conspirito-debat: Semifinaal |
| **2 Oktober** | Conspirito-debat: Finaal |
| | |
| | |



# KRIEKETUITSLAE

**25 Januarie 2025**

| Span | Opponent | Kloof se telling | Opponente se telling | Kloof wen/verloor | Beste ... |
|---|---|---|---|---|---|
| **Eerstespan** | Hoërskool Eldoraigne 1 Finsbury-reeks | 216 vir 7 na 38.4 | 214 vir 10 na 45.5 | Wen met 3 paaltjies | Bouler:<br>Ricardo Crous 3 vir 21 in 6.5<br>Kolwer:<br>Ricardo Crous 49<br>Riley Miller 43 |
| **o. 15A-span** | Hoërskool Eldoraigne o. 15A Finsbury-reeks | 354 vir 5 na 50 | 79 vir 10 na 21 | Wen met 275 lopies | Kolwer:<br>Juan Swart 134 (89)<br>Bouler:<br>Johan Liebenberg 5 vir 27 in 10 |
| **Tweedespan** | Die Hoërskool Menlopark 2 | 139/7 na 31.3 | 137/10 na 30.2 | Wen met 3 paaltjies | Boulers:<br>William van den Berg 3 vir 16 in 5<br>Ruan de Meyer 3 vir 26 in 5.2<br>Kolwer:<br>Ruan de Meyer 38 (44)* |

**27 Januarie 2025**

| Span | Opponent | Kloof se telling | Opponente se telling | Kloof wen/verloor | Beste ... |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vierdespan** | Afrikaanse Hoër Seunskool 4 | 133 vir 6 na 20 | 128 vir 7 na 20 | Wen met 5 lopies | Kolwers:<br>Lehan Holland 32 van 13<br>Dewald Tolmie 31 van 33<br>Bouler:<br>Luan van Wyk 3 vir 20 in 4 |
| **o. 14D** | Die Hoërskool Menlopark o. 14D | 92 vir 4 na 19.4 | 89 vir 8 na 20 | Wen met 6 paaltjies | Bouler:<br>Rikus Henning 4/3 in 4<br>Kolwers:<br>Fourie Jooste 33 van 32<br>NJ Leonard 36 van 51 |
| **o. 14C** | Die Hoërskool Menlopark o. 14C | 124 vir 5 in 19.5 | 128 vir 8 in 20 | Wen met 5 paaltjies | Kolwer:<br>Dean Jordaan 59 (58) |

**28 Januarie 2025**

| Span | Opponent | Kloof se telling | Opponente se telling | Kloof wen/verloor | Beste ... |
|---|---|---|---|---|---|
| **o. 15C** | Cornwall Hill College o. 15B | 167/10 na 19.5 | 52/10 na 10.5 | Wen met 115 lopies | Kolwer: Jaco Steyn 44 van 36 Boulers: Hendre van Schalkwyk 4/18 in 3.5 RJ Willemse 3/10 in 3 |
| **o. 14A** | Afrikaanse Hoër Seunskool o. 14A | 110 vir 7 na 20 | 111 vir 2 na 15 | Verloor met 8 paaltjies | Kolwer: Ruan Graaff 46 (36)* |

**29 Januarie 2025**

| Span | Opponent | Kloof se telling | Opponente se telling | Kloof wen/verloor | Beste ... |
|---|---|---|---|---|---|
| **Eerstespan** | Die Hoërskool Menlopark 1 Finsbury-reeks | 305 vir 10 na 47 | 366 vir 6 na 50 | Verloor met 61 lopies | Bouler: Christiaan Smit 3 vir 55 in 8 Kolwer: Franco Schmidt 73 |
| **Tweedespan** | Afrikaanse Hoër Seunskool 2 | 143 vir 10 na 17.4 | 191 vir 5 na 20 | Verloor met 48 lopies. | Boulers: Ruan de Meyer 3 vir 34 in 4 |

**30 Januarie 2025**

| Span | Opponent | Kloof se telling | Opponente se telling | Kloof wen/verloor | Beste ... |
|---|---|---|---|---|---|
| **o. 14A** | Die Hoërskool Menlopark o. 14A | 106/2 na 14.5 | 105/10 na 17.4 | Wen met 8 paaltjies | Boulers:<br>Altus van Breda 2/15 in 3<br>Ewann Ernst 2/15 in 4<br>Kolwer:<br>Burger de Villiers 37*(37) |
| **o. 14B** | Die Hoërskool Menlopark o. 14B | 87/10 in 25 | 127/9 in 35 | Verloor met 40 lopies | - |
| **o. 15C** | St Alban's College o. 15B | 75/5 na 16 | 74/10 na 14.3 | Wen met 5 paaltjies | Bouler:<br>Liam Dippenaar 4/6 in 3.3<br>Kolwer:<br>Milan Jordaan 25(35) |
| **Derdespan** | Afrikaanse Hoër Seunskool 3 | 165/5 na 20 | 161/5 na 20 | Wen met 4 lopies | Kolwers:<br>Juan Du Preez 42 (28)<br>JJ Thom 42 (45)<br>Bouler:<br>Christiaan Hugget<br>4 vir 42 in 4 |
| **Vyfdespan** | St Alban's College Seniors | 157/10 na 19 | 78/7 | Wen met 79 lopies | Kolwer:<br>André Els 49 van 35 |

# GHOLF

Roelof Craig het derde by die Gauteng-Noord Ope geëindig.

# PADFIETS

Liam Espach het aan die *Midvaal Fast One* deelgeneem. Hy het tweede in die seuns o. 17-afdeling geëindig.

# RUITERKUNS

Isabel Pienaar behaal 'n tweede plek by *Western Mounted Games*.

# ATLETIEK: INTERHUIS 2025

**Interhuis – 21 Februarie 2025**

Orkane, Siklone, Tifone en Tornado's … Kloof-atletiek vind sy ritme terwyl die pawiljoen **G.E.E.S** uitbassuin en die atlete op die baan en veld oproer veroorsaak. Rekords het by die 2025-Interhuis inderdaad gespat. Vele topprestasies is behaal!

Hierdie atletiekseisoen is definitief 'n seisoen om na uit te sien. Die afrigters en atlete het 'n suksesvolle voorseisoen gehad en vir die volgende ses weke opbou tot by die sukses van Interhoër.

Baie dankie aan me. Bonnie Joyce, mnr. Alet Kieser, saam met die atletiekafrigters, asook die Kloof-personeel wat as beamptes opgetree het. Baie dankie aan mnr. Alten Janse van Rensburg en die dirigente vir hulle aandeel in die sukses op die pawiljoen.

| | | |
|---|---|---|
| 1. Junior Victrix Ludorum | Chemicke Visser | o. 14 |
| 2. Junior Victrix Ludorum | Jeanette Buloze | o. 15 |
| 3. Junior Victor Ludorum | Dewan Schlebusch | o. 15 |
| 4. Senior Victrix Ludorum | Fortune Cletus-Okolo | o. 17 |
| 5. Senior Victrix Ludorum | Anke Bornman | o. 17 |
| 6. Senior Victrix Ludorum | Lenique Vogel | o. 16 |
| 7. Senior Victor Ludorum | Alexander Griesel | o. 16 |



V.l.n.r.: Jeanette Buloze, Lenique Vogel, Fortune Cletus-Okolo, Anke Bornman en Chemicke Visser



Dewan Schlebusch (links) en Alexander Griesel (regs)

# ATLETIEK: DREYER CAMPBELL-UITNODIGINGSBYEENKOMS

**Dreyer Campbell uitnodigings-byeenkoms – 24 Februarie 2025**

Op Vrydag, 24 Januarie 2025 het Hoërskool Waterkloof se atlete op die eerste byeenkoms van die jaar weereens die oog gevang met hulle netjiese voorkoms, pragtige optrede teenoor opponente en beamptes, sowel as klipharde mededinging op die baan en veld. Ons kan nie anders as om elke atleet op die baan en veld geluk te wens met 'n puik vertoning nie. Hulle het waarlik alles in die stryd gewerp en die heel beste vertonings van fiksheid, deursettingsvermoë en karakter getoon.

Alhoewel dit 'n vriendskaplike byeenkoms was, het Hoërskool Waterkloof as kampioene by die byeenkoms weggestap.

**Die Top 10-prestasies van Hoërskool Waterkloof sluit die volgende atlete in:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Fortune Cletus-Okolo | Diskus | o. 17 | 43,06 m | Gewigstoot | 13,94 m |
| Lara van der Merwe | 800 m | o. 19 | 2 min16 sek | 1500 m | 4 min 38 sek |
| Chrystabel Davis | 100 m | o. 17 | 11,80 sek | | |
| Elandri Coetzee | 800 m | o. 16 | 2 min 16 sek | | |
| Alexander Griesel | 110 mH | o. 16 | 14.00 sek | | |
| Megan Venter | VS | o. 16 | 5,71 m | | |
| Chemicke Visser | GS | o. 14 | 12,31 m | | |
| Lenique Vogel | 200 m | o. 16 | 25,6 sek | | |



# YSHOKKIE: MICHAYLA VENTER

Michayla Venter, ‘n graad 12-leerder, het vir Suid-Afrika aan die Wêreldkampioenskappe vir yshokkie vir Dames o. 18 in Divisie IIB in Turkeye deelgeneem. Sy is deur die toernooi as die Beste Speler van Suid-Afrika aangewys.





Sy vertrek weer teen die einde van die maand saam met die Senior Nasionale Damesspan na Serbië.

# ALGEMEEN

## KWARTAAL 1-BEPLANNING



# SKOOLGELD EN DEBIETORDERMAGTIGING

HOËRSKOOL WATERKLOOF

Sedert 1979

Posbus 25085, Monumentpark,
Pretoria, 0105
**Tel:** (012) 347 0277
**Faks:** (012) 347 0279
**E-pos:** klofies@klofies.co.za
www.klofies.co.za

November 2024

Na aanleiding van die Algemene Jaarvergadering wat op Dinsdag 5 November 2024 gehou is, is die fooie vir 2025 vasgestel en wil ons graag die besluit ten opsigte van die verhoging bevestig. Tydens hierdie vergadering is die voorgestelde begroting goedgekeur.

| SKOOLGELD 2025 : R 48 860.00 PER KIND | | | |
|---|---|---|---|
| **ADMINISTRASIEGELD :**<br>*HUIDIGE LEERDERS – WAS BETAALBAAR IN SEPT 2024*<br>*NUWE LEERDERS: BETAALBAAR MET INSKRYWING* | **R 2 000.00**<br>PER KIND | | |
| **DIE VOLGENDE BETALINGSOPSIES IS BESKIKBAAR:**<br>*(LET WEL DAT DIE ADMINISTRASIEGELD VAN R 2 000 REEDS AFGETREK IS BY DIE BEDRAE HIERONDER)* | | | **% VERHOGING** |
| **MAANDELIKS** PER ELEKTRONIESE OORPLASING, BANK DEPOSITO'S, EN KREDIETKAART IN 11 PAAIEMENTE:<br>*(JANUARIE TOT NOVEMBER)* ***Geen korting*** | **R 46 860.00**<br>PER KIND | **4 260.00**<br>PER MAAND PER KIND | 7,9 % |
| **EENMALIG** BETAALBAAR VOOR **28 FEBRUARIE 2025**:<br>***R 2 420 KORTING*** | **R 44 440.00**<br>PER KIND | | |
| BETAALBAAR PER **DEBIETORDER** IN 11 PAAIEMENTE:<br>*(JANUARIE TOT NOVEMBER)* ***R 2 420 KORTING*** | **R 44 440.00**<br>PER KIND | **R 4 040.00**<br>PER MAAND PER KIND | |

**Debietorder (Januarie tot November)**

- **Ouers word aangemoedig om van ons maandelikse debietorders gebruik te maak**
- **Ouers moet jaarliks 'n nuwe debietorder voltooi. Debietorders word deur Stratcol hanteer.**
- Debietorders is op die webblad, D6-kommunikeerder, Klofieklets en by die kantoor beskikbaar.
- Aftrekkings word vanaf **Januarie tot November** op die **1ste / 15de / 25ste** dag van elke maand vanaf u rekening verhaal.
- Onbetaalde betalings van debietorders is onderhewig aan 'n addisionele heffing vir bankkostes.
- Korting op debietorders sal teruggeskryf word indien u debietorder onbetaald deur die jaar aan ons teruggestuur word.
- Indien 'n debietorder 'n tweede keer geweier word, word dit nie weer aangebied vir betaling nie en word u aanspreeklik gehou vir die vereffening van die volle skoolgeld.

**Maandelikse elektroniese oorplasings en kaartbetalings**

**NEEM KENNIS**

***Indien u gebruik maak van die EFT- en kaartbetalingsopsies, word u hiermee in kennis gestel dat invordering van gelde deur 'n buitemaatskappy genaamd Pantheon Credit Management uitgevoer sal word, en dat u maandelikse paaiement voor die 7de van elke maand betaal moet word waarna hulle u sal kontak***

Gebruik **slegs** u kind se **leerdernommer** as verwysing wanneer skoolgeld- en heffingbetalings gedoen word.

Vir navrae oor die rekeningbesonderhede en verwysing, kan u gerus die finanskantoor by (012) 347 0277 kontak.

U word versoek om die bewys van betaling na bronwyn.siebrits@klofies.co.za en finansies@klofies.co.za te e-pos.

*Ons ontvang talle deposito's op ons bankstate wat geen verwysings het nie. Korrekte allokering kan nie gedoen word, indien u nie die korrekte verwysing gebruik nie. Kontak asseblief die finanskantoor om u verwysing te kontroleer.*

**Aansoek vir vrystelling 2025**

In terme van wetgewing en regulasie kan 'n ouer aansoek doen om volle of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld indien hulle nie in staat is om skoolgeld te betaal nie. Die formulering vir die kwytskelding word bepaal deur regulasie, soos deur wetgewing voorgeskryf, en word nie deur die beheerliggaam bepaal nie. **Ouers wat hiervoor kwalifiseer, kan vanaf 15 Januarie 2025 die vorms by die finanskantoor afhaal en voor die sluitingsdatum van 28 Februarie 2025 die voltooide vorms by die finanskantoor (kantoor A9) inhandig.** **Aansoeke wat na die sluitingsdatum ingehandig word, sal slegs vir pro rata kwytskelding kwalifiseer.** **OUERS MOET JAARLIKSE VIR SUBSIDIE AANSOEK DOEN**. **Geen vakheffings of koshuissubsidies sal toegestaan word nie**

## VAKHEFFINGS

**Vakke met vakheffings is opsioneel, en leerders sal gevra word om ander vakke te kies indien die vakheffings agterstallig raak.**

- Eenmalig voor 28 Februarie 2025 – geen korting
- Debietorder vir 10 maande (Januarie tot Oktober)
- Bank Deposito of elektroniese betalings in 10 paaiemente (Januarie tot Oktober)

| VAKHEFFING | PER JAAR | MAANDELIKS: *10 PAAIEMENTE (JANUARIE - OKTOBER)* |
|---|---|---|
| **Sportopvoeding: Tennis, Netbal, Hokkie, Krieket, en Rugby,** | R 2 550 | R 255 |
| **Gholfopvoeding** | R 3 700 | R 370 |
| **Omgewingsopvoeding** | R 1 000 | R 100 |
| **Dans** *(tydens skoolure)* | R 3 300 | R 330 |
| **Musiekprakties** *(tydens skoolure)* | R 3 850 | R 385 |
| **Musiekinstrumenthuur** | R 2 550 | R 255 |
| **Musieksentrum** (*Na-uurs*) *(Kontrak word deur sentrum hanteer )*<br>30 minute les<br>45 minute les<br>60 minute les | <br>R 7 200<br>R 10 800<br>R14 400 | <br>R 720<br>R 1 080<br>R 1 440 |
| **Filmkunde** *(slegs gr 8)* | R 3 200 | R 320 |
| **Dramatiese kunste Gr 10 - 12** | R 3 150 | R 315 |
| **Lugvaartkunde Gr 8 en 9** | R 2 300 | R 230 |
| **Robotika** | R 3 850 | R 385 |
| **Gasvryheidstudies:**<br>Gr 8 en 9<br>Gr 10 – 12 | <br>R 700<br>R 1 250 | <br>R 70<br>R 125 |
| **Landboustudies** *(slegs gr 8)* | R 1 000 | R 100 |
| VAKHEFFING | PER JAAR | MAANDELIKS: *10 PAAIEMENTE (JANUARIE - OKTOBER)* |

| | | |
|---|---|---|
| Landboutegnologie *(slegs Graad 10 -12 leerders)* | R3 200 | R 320 |
| Gr.11- fonds vir Matriekafskeid (*SLEGS GR. 11- LEERDERS*) | R 1 100 | R 110 |
| <u>Addisionele vakke gr. 10-12</u><br>(Slegs vakke wat na-uurs geneem word)<br>(RTT, IT, Geografie, Geskiedenis, Besigheidstudies, Toerisme, IGO, Ekonomie) | R 1 650 | R 165 |
| <u>Busvervoer:</u> *Kontrak beskikbaar by finansies@klofies.co.za*<br>Centurion *(slegs oggend)*<br>Rooihuiskraal / Midstream *(slegs oggend)*<br>Rooihuiskraal / Midstream *(oggend en middag)*<br>Oosrand *(oggend en middag)*<br>Zambezi / Stormvoël *(slegs oggend)* | <br>R 11 500<br>R 11 500<br>R 15 450<br>R 23 800<br>R 11 750 | <br>R 1 150<br>R 1 150<br>R 1 545<br>R 2 380<br>R 1 175 |
| Indien 'n leerder se busvervoer agterstallig is, sal die leerder se busdiens deur die skool gekanselleer word | | |
| <u>Kleingroep Wiskunde en Wetenskap</u><br>*(Gr 8 en 9 is slegs Wiskunde)*<br>*(Gr 10 – 12 is Wiskunde en of Wetenskap)* | R 6 800 per vak | <u>Deposito:</u> R 2 000 per vak<br><u>Balans:</u> R 4 800 per vak- betaalbaar R 480 per maand per vak |
| Alpha Wiskunde: Gr 10 – 12 | Word aan die onderwyser wat die vak aanbied betaal | |

| Naskool<br>*(etes uitgesluit)* | | | |
|---|---|---|---|
| Voldag | Per kind | R 6 400 | R 640 |
| Ad hoc | - | - | R 60 per dag |

## KOSHUIS 2025 : R 47 500 PER KIND

| BETAALBAAR SOOS VOLG: | |
|---|---|
| DEPOSITO | R 2 500.00 PER KIND |
| MAANDELIKSE DEBIETORDER IN 10 PAAIEMENTE: (Januarie tot Oktober) | R 4 500 PER KIND PER MAAND |
| KWARTAALLIKS OP DIE 1STE DAG VAN KWARTAAL 1, 2 EN 3 | R 15 000 PER KIND KWARTAAL 1, 2 en 3 |
| BREEKSKADEDEPOSITO: SLEGS VIR NUWE LEERDERS | R 500 EENMALIG |

**<u>Neem kennis van die belangrike inligting:</u>**

**Ons / Ek as die rekenpligtige :**

- **neem kennis dat enige inbetalings eers teenoor die huidige jaar se skoolgeld skuld geallokeer sal word,**
- is aanspreeklik vir die stiptelike betaling van die skoolgeld en moontlike heffings soos bepaal ingevolge artikel 39 van die SA Skolewet, tensy en tot die mate waartoe ek van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet,
- **neem kennis dat indien 'n hof bepaal het dat 'n ander persoon skoolgeld moet betaal, dit steeds die verantwoordelikheid bly van almal wat as 'ouers' van die ingeskrewe leerder kwalifiseer ooreenkomstig die definisie van 'ouer' in die Suid-Afrikaanse Skolewet, om die skoolgeld te betaal.**
- is bewus dat dit die verantwoordelikheid is van alle persone wat aan die definisie van "ouer" in die Suid-Afrikaanse Skolewet voldoen, om skoolfonds te betaal ten spyte daarvan dat 'n hof bepaal het dat 'n ander persoon die voorgeskrewe skoolgeld moet betaal, soos vervat kan wees in egskeidingskikkingsbevele en/of ander gepaste hofbevele. Alle "ouers" is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van alle skoolgelde wat deur die skool gehef is.

- **is bewus daarvan dat ek/ons kan aansoek doen vir vrystelling van skoolgeld vir 2025 en indien ons van voorneme is om aansoek te doen, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi word en saam met alle stawende dokumente voor of op 28 Februarie 2025 by die finanskantoor ingehandig word.**

- ***neem kennis dat skoolgeld jaarliks vooruitbetaalbaar is aan die begin van die jaar***. Hoërskool Waterkloof laat egter afbetalings van skoolgelde oor 11 maande toe. Sou u dus versuim om nie die betalings stiptelik na te kom, nie, sal die volle uitstaande bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees en mag die skool die skoolgeldrekening oorhandig vir invordering. Dit bly dus u as ouer/voog se verantwoordelikheid om toe te sien dat betalings stiptelik elke maand betaal word.

- **is bewus daarvan dat ek/ons verantwoordelik is vir alle prokureurs- en eie-kliëntkostes wat spesifiek betrekking op opsporing en invordering van uitstaande rekenings het, asook enige ander fooie en kostes reeds aangegaan of wat in die toekoms aangegaan mag word, soos voorsien in die Skuldinvorderingswet van 1998.**

- Neem kennis dat, indien my skoolgelde, heffings en toergelde om een of ander rede uitstaande is, my rekening sonder verdere kennisgewing aan Pantheon Credit Management oorhandig sal word vir invordering

- **verleen hiermee toestemming dat my naam op buro's gelys mag word as 'n wanbetaler indien daar enige bedrag uitstaande ingevolge hierdie ooreenkoms is. Ek verleen ook verder hiermee toestemming dat navraag gedoen mag word by enige buro om my kredietwaardigheid te bevestig of om my op te spoor**.

- dat die rekeningpligtige (ouer/voog) van die kinders hiermee die adres soos in die inskrywingvorm hiervoor vermeld as hul *domicilium citandi et executandi* vir alle doeleindes van moontlike kennisgewing wat aan sodanige rekeningpligtige (ouer/voog) gerig moet word kies. Enige verandering daarvan sal deur die ouer skriftelik aan die skool oorhandig word.

**STRATCOL GEBRUIKER NR:** **9888**
**GEBRUIKER / BESIGHEID NAAM:** **Hoërskool Waterkloof**
**BANKSTAAT VERWYSING:** **HSWATERKDO**
*(Staan bekend as "Abbreviated Name" in Debiet Order Industrie)*
**GEBRUIKER FISIESE ADRES:**
**H/V Boeing & Solomon Mahlangu Straat - Erasmuskloof**

## DEBIETORDER MAGTIGING 2024

*(Maak asb seker dat die vorm volledig voltooi word en beide bladsye moet geteken en gedateer word)*

**E-pos bl 1 en bl 2 na: finansies@klofies.co.za**

### REKENINGHOUER BESONDERHEDE:

ID / Registrasie Nr: ____________________ Naam & Van / Besigheid Naam: ____________________

Adres: ____________________ Kode: ____________

KontakBesonderhede: (*Huis*)____________ (*Selfoon*)____________ (*Werk*)____________

(*E-Pos*) ____________________

Indien 'n Besigheid - Naam van die gemagtigde person vir die teken hiervan: ____________________

Rekeninghouer Naam: ____________________ Bank: ____________________

Tak/Takkode: ____________ Rekening Nommer: ____________________

Rekening Tipe: TJEK ("CURRENT") SPAAR TRANSMISSIE ANDER – Verskaf asb besonderhede : ____________
: ____________

### KOLLEKSIE INSTRUKSIE:

**Interval:** Maandeliks op die > 1ste 15de 25ste

Hiermee gee ek volmag dat Hoërskool Waterkloof die ondergenoemde bedrae per debietorder mag verhaal vanaf my bankrekening vanaf ____________ (DATUM VAN 1STE AFTREKKING) tot ____________ (DATUM VAN LAASTE AFTREKKING).

**Let asb daarop dat die debietorder aftrekkings slegs vir 11 maande (Januarie – November) is. Skoolgeld is betaalbaar oor 11 maande en heffings oor 10 maande. Die laaste paaiement word automaties aangepas om slegs skoolgeld af te trek.**

**LEERDER BESONDERHEDE:**

| | EERSTE LEERDER | TWEEDE LEERDER | DERDE LEERDER |
|---|---|---|---|
| NAAM EN VAN: | | | |
| GRAAD IN 2024: | | | |
| LEERDER NOMMER: | | | |
| SKOOLGELD: | R3 900 (korting ingesluit) | R3 900 (korting ingesluit) | R3 900 (korting ingesluit) |
| HEFFINGS:(Spesifiseer asb) | | | |
| | | | |
| | | | |
| TOTAAL: | | | |

**TOTALE BEDRAG PER MAAND WAT AFGETREK WORD VIR ALLE LEERDERS BO AANGEDUI:** ____________

**Hiermee gee ek toestemming dat die hertoelatingsfooi van 2025 in September 2024 as 1 paaiement by die debietorder gevoeg kan word.** *(Bedrae mag aangepas / verhoog waar nodig of gedurende September; Oktober en November)*

| Dui u keuse aan met 'n kruisie (X) | JA | NEE |
|---|---|---|

Ek / Ons, die kliënt of behoorlike gemagtigde veteenwoordiger, gee hiermee goedkeuring aan StratCol om d.m.v 'n elektroniese debietorder van die bogenoemde rekening te vorder, en om genoemde gelde oor te betaal aan Hoërskool Waterkloof soos bo genoem. (Ek / Ons bevestig dat Ek / Ons die gemagtigde persone is vir die teken en magtiging van hierdie debietorder, met handtekening magtigings soos by my/ ons bank geregistreer.

***HANDTEKENING(E) SOOS BY BANK GEREGISTREER:***

HANDTEKENING (1): ____________ HANDTEKENING (2): ____________ DATUM: ____________

**_SLEGS VIR KANTOOR GEBRUIK:_**

EFT -> ☐ OF NAEDO -> ☐ KLIENT VERWYSING NR: ______________________________

NAEDO TRACKING (Omkring ASB): 1D / 2D / 3D / 4D / 5D / 6D / 7D / 8D / 9D / 10D / 14D / 21D / 32D

**OOREENKOMS**

Ek / Ons gee hiermee toestemming aan STRATCOL om betaling instruksies uit te reik aan my /ons bankier vir die kolleksie teen my /ons bogemelde bankrekening by my /ons bank.
Die individuele betaling instruksies soos gemagtig, moet uitgereik en afgelewer word volgens die bogenoemde interval en op die datum wanneer die verpligting in terme van die ooreenkoms verskuldig is. Die bedrag van elke individuele instruksie kan nie verskil van dit wat hierin vervat word nie.
Die betaling instruksies soos gemagtig moet uitgereik word met 'n verwysingsnommer, welke verwysing in die betalings instruksie ingesluit moet word om my / ons in staat stel om die ooreenkoms van die debiet op my / ons bankstaat te identifiseer. Die genoemde nommer moet aan hierdie vorm bygevoeg word soos onder bladsy 1 aangedui is by kliënt verwysingsnommer en moet voor die uitreiking van enige betalingsopdrag en aan my / ons gestuur word direk nadat dit voltooi is deur my / ons.
Ek / Ons stem saam dat die eerste betalingsopdrag uitgereik sal word en afgelewer sal word soos per kolleksie instruksie. As die datum van die betaling instruksie egter op 'n nie – erkende bankdag val (naweek of openbare vakansiedag) stem ek / ons in dat die betaling instruksie teen my / ons rekening op die volgende of die vorige werkdag ingestel kan word.

**NAEDO**

Naedo maak voorsiening vir die dophou van deposito's in my / ons bankrekening om aan te pas met die vloei van krediet teen geen bykomende koste vir myself / onsself nie. Ek / Ons magtig die persoon wat die transaksie skep om van hierdie fasiliteit, naamlik die EDO stelsel, gebruik te maak teen geen bykomende koste vir myself / onsself nie.
Daaropvolgende betaling instruksies sal voortgaan om gehef te word in terme van hierdie instruksie totdat die verpligtinge ingevolge die ooreenkoms betaal is of totdat die magtiging deur my / ons gekanselleer word deur middel van skriftelike kennisgewing aan Hoërskool Waterkloof, welke skriftelike kennisgewing sal bevat binne die interval (soos aangedui op die magtiging) en gestuur per voorafbetaalde geregistreerde pos of afgelewer by sy / haar adres hierbo aangedui.

**MANDAAT:**

Ek / Ons erken dat alle betaling instruksies uitgereik deur Hoërskool Waterkloof sal hanteer word deur my / ons bogenoemde bank asof die instruksies persoonlik uitgereik is deur my / ons.

**KANSELLASIE:**

Ek / Ons stem in dat hoewel hierdie gesag en mandaat gekanselleer mag word deur my / ons, sodanige kansellasie nie die ooreenkoms sal kanselleer nie. Ek / Ons verstaan ook dat ek / ons nie bedrae, wat uit my / ons rekening (betaal) onttrek is, in terme van hierdie instruksie mag herroep word, indien sodanige bedrae wettiglik verskuldig was aan Hoërskool Waterkloof nie.

**OORDRAG:**

Ek / ons erken dat hierdie gesag gesedeer kan word aan 'n derde party indien die ooreenkoms ook gesedeer word aan daardie derde party.

GETEKEN TE ________________________________ OP HIERDIE __________ DAG VAN __________________ 20_______.

***HANDTEKENING(E) SOOS BY BANK GEREGISTREER:***

(1) ____________________________________________ (2) ____________________________________________

# FINANSIES: BORGE EN DONASIES

Hoërskool Waterkloof beskik oor **Artikel 18 A-status**. Dit beteken enige gewaardeerde borg/donasie wat aan die skool geskenk word, is belastingaftrekbaar vir u besigheid.
Sodra die skool die borg/donasie ontvang, reik ons die sertifikaat uit.

# WATERKLOOFALUMNI: E-POSADRES

**AANDAG ALLE OUD-KLOFIES!!** Enige nuus en/of prestasies van oud-Klofies kan na die volgende e-posadres gestuur word: alumni@klofies.co.za .

# *POPI*-BELEID

**NEEM KENNIS!!**
Höerskool Waterkloof verbind hom tot die beskerming van persoonlike inligting en is in die proses om al die nodige kontroles te hersien om te verseker dat ons *POPIA compliant* is. Die skool is merendeels samewerkend weens die aard van ons hantering van data van minderjariges.
Ons bevestig dat u reeds die skool toestemming gegee het om u kind se foto's op die skool se sosiale media platforms te plaas en met erkende mediahuise vir publikasie te deel. Sou u in die toekoms van mening verander, moet u asseblief vir mnr. Juan Nagel by juan.nagel@klofies.co.za van u versoek in kennis stel sodat dit dienooreenkomstig bestuur kan word.

# KLOFIE KLEREWINKEL

Me. Christine Slabbert van die Klofie-klerewinkel sê dat die winkel bedags van 06:30 tot 14:30 oop is. Sy versoek dat ouers asseblief ‘n afspraak MOET maak om die klerewinkel te besoek. U kan haar by 082 487 5756 of tydens kantoorure by (012) 347 1076 kontak.

# ONDERSTEUNINGSDIENSTE



# MANNE: BIDOGGENDE




https://chat.whatsapp.com/DEgkqi2ZRQeDaHFc4ah6Qx

**Kom wees deel van manne van formaat, biddende pa's, manne en pa's wat opstaan en hulle plek as godsmanne in sy huis en die samelewing terugvat.**

**Sluit aan by die *WhatsApp*-groep vir verdere reëlings en padkos.**